



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2012**

**VISUELE KUNSTE V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 100**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies versigtig voor aanvang van nasienwerk::

1. Die vraestel bestaan uit TIEN vrae. Leerlinge moet enige VYF vrae beantwoord vir 'n totaal van 100 punte.
2. Dit is UITERS BELANGRIK om toe te laat vir oorspronklike denke van leerlinge in vele opsigte. Leerlinge moet krediet ontvang vir sydelingse denke. Nogtans is dit belangrik dat argumente en stellings deeglik beredeneerd aangebied word met stawende verwysing na spesifieke faktore.
3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.
4. Inligting en kunswerke reeds in een antwoord bespreek, moet NIE gekrediteer word as dit in ander antwoorde herhaal word NIE, maar kruisverwysings na kunswerke is toelaatbaar.
5. Leerlinge moet die kunstenaar en elke werk benoem waar van toepassing.
6. Leerlinge mag beide twee- en driedimensionele kunswerke in enige vraag bespreek, waar toepaslik.
7. Dit moet onthou word dat talle leerlinge die voorbeelde sal bespreek, terwyl hul dit nog nooit vantevore gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike-, akademiese inligting verwag nie. Die leerlinge moet vanuit eie ondervindinge, kulture en vertolkings van kunswerke reageer, binne die konteks van die vraag. Om hierdie rede moet nasieners onbevooroordeeld aanpasbaar wees in die nasienproses.

**ALGEMENE OPMERKINGS VIR NASIENERS**

- Hierdie nasien-memorandum dien beide as 'n riglyn vir nasieners en as onderrig-werktuig. Om die rede is die memorandum vir sekere vrae in meer diepte, sodat inligting as studie-aantekeninge aangewend kan word. Ander gedeeltes mag bloot voorgestelde riglyne vir nasienwerk wees.
- Nasieners word aangemoedig om leerlinge te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hul te straf vir wat hulle nie weet nie.
- Alhoewel die inligting vir die vrae soms puntsgewys aangebied word, moet leerlinge in opstelstyl/paragraaf-formaat die inligting as holistiese bespreking aanbied.
- Leerlinge moet al hul vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord, volgens die vereistes van elke vraag. Antwoorde puntsgewys aangebied, kan nie volpunte ontvang nie.
- Nasieners moet verwys na die Visuele Kunste "SAG"-dokument raamwerk (bl. 24), soos geïllustreer op die volgende bladsy, om ondersteuning te verkry in die assessering van vlakke van prestasie.

Assessering van leerlinge se vermoë om te analiseer en te reageer op voorbeelde van visuele kultuur.	
<b>PRESTASIE GRADERINGSKODE</b>	<b>LEERUITKOMS 4: VISUELE KULTUURSTUDIES</b>
<b>7 Voortreflik/ Hoogstaande 80 – 100%</b>	Demonstreer buitengewone vermoë om op kunswerke te reageer en te analiseer in verband tot hul kultuur, maatskaplike, sosiale, politiese en historiese verbande. Toon hoogstaande vermoë in die aanwending van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer uiters goed-ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van kuns. Toon buitengewone insig en begrip en wend uiteenlopende benaderings aan. Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings.
<b>6 Verdiensielik/ Lofwaardig 70 – 79%</b>	Demonstreer goed ontwikkelde vermoë om op kunswerke te reageer en te analiseer in verband tot hul kultuur, maatskaplike, sosiale, politiese en historiese verbande. Toon uitstekende vermoë in die aanwending van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer hoogs-ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van kuns. Toon uitstekende insig en begrip.
<b>5 Aansienlik/ Deeglik 60 – 69%</b>	Demonstreer aansienlike vermoë om op kunswerke te reageer en te analiseer in verband tot hul kultuur, maatskaplike, sosiale, politiese en historiese verbande. Toon aansienlike vermoë in die aanwending van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer goed-ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van kuns. Toon 'n goeie vlak van insig en begrip.
<b>4 Middelmatig/ Skaflik 50 – 59%</b>	Demonstreer 'n middelmatige vermoë op kunswerke te reageer en te analiseer in verband tot hul kultuur, maatskaplike, sosiale, politiese en historiese verbande. Toon 'n gemiddelde vermoë in die aanwending van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer kompeterende skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van kuns. Toon 'n redelike vlak van insig en begrip.
<b>3 Voldoende 40 – 49%</b>	Demonstreer voldoende vermoë om op kunswerke te reageer en te analiseer in verband tot hul kultuur-, maatskaplike-, sosiale-, politiese- en historiese verbande. Toon voldoende vermoë in die aanwending van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer voldoende skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van kuns. Toon 'n voldoende vlak van insig en begrip.
<b>2 Elementêr 30 – 39%</b>	Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om op kunswerke te reageer en te analiseer in verband tot hul kultuur, maatskaplike, sosiale, politiese en historiese verbande. Toon weinig vermoë in die aanwending van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer slegs basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van kuns. Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip.
<b>1 Onvoldoende 0 – 29%</b>	Demonstreer min tot geen vermoë om op kunswerke te reageer en te analiseer in verband tot hul kultuur, maatskaplike, sosiale, politiese en historiese verbande. Toon besonder beperkte vermoë in die aanwending van gepaste visuele kunsterminologie. Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van kuns. Toon min tot geen begrip of insig.

**VRAAG 1****DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS IN DIE 1950's EN 1960's**

- 1.1 'n Vergelyking. Visuele afbeelding van FIGUUR 1a is vier rye Swart mans wat op 'n mat staan, hande langs die sye, of voor hulle. Hierdie werk spreek van die Zoeloe-praktyk van jong manne wat gereedmaak om oorlog toe te gaan. *Ibhutho* beteken 'n korps manne gereed vir oorlog, soos 'n bataljon. Die groep het kaal bolywe en lyk asof hulle "op die mat" verantwoordings moet doen vir een of ander verhoor. Daar is uiterste erns in die groep en die betekenis hier is die uitdaging van 'n groepsfout/ groeps-kwesbaarheid of die oorgawe tot dreigende dood wat in die vorm van die swart mat waarop hul staan, voorgestel word, of dan die swart skerm waarna hul gewend is. In FIGUUR 1b toon die kleiner groep van drie figure, in sensitiewe lyne geteken, ook geboë hoofde en hier skyn die betekenis skaamheid te wees oor een of ander waarheid wat die figure nie wens om te sien of te hoor nie.

**Kleure** in FIGUUR 1a is bruin velle, met swart broeke, as somber aanduiding van straf. Selfs die mat is swart en die plasing daarvan teen die muur voor die mas, spreek van gesag/wet/ gevangenskap/vrees om oorlog toe te gaan. In FIGUUR 1b is die kleure hout-skool en swarte, met onderdrukte witte, wat die werk 'n hartseer, spirituele kwaliteit gee.

**Media** in die eerste werk is eenvoudig werklike manslywe op 'n mat, wat 'n dinamiese en skrikwekkende impak maak, so in die kyker se gesig. Daar is geen ontkoming van figure se prisonerstatus vir hulle nie, teenoor die tweede werk waar die drie figure twee-dimensioneel en styf langs mekaar geplaas is, verenig deur die fyn, kantagtige lynwerk, wat hulle meer kwesbaar en breekbaar maak. Die ets-medium gee subtiele grys tone tussen die soliede swart ink areas en dit skep 'n geheimsinnige spirituele atmosfeer in die werk. Beide werke toon 'n opkomende Afrika-stem, daar die eerste spreek van hoe Swart jeugdige verantwoordelik gehou word, miskien as deel van 'n inisiasie-ritueel, moontlik 'n werklose weermag van manne wat voor 'n swart toekoms staan, terwyl die tweede werk die Afrika-gebruik van voorvaderkommunikasie toon, met die ingetoë geboë hoofde.

Aanvaar toepaslike en insigryke kommentaar met staving. (10)

- 1.2 Kandidate moet oor TWEE werke skryf wat die opkomende Afrika-stem weergee. Dit moet ander werke wees, of deur 'n ander kunstenaar. Antwoorde moet die volgende insluit:  
Name, titels, inspirasies en invloede, formele elemente aangewend en temas met boodskappe.

(10)  
[20]

**VRAAG 2****SOEKE NA 'N AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID AFRIKAANSE KUNS SEDERT 1950**

- 2.1 Dit mag eerstens as 'n Suid-Afrikaanse stuk geëien word as gevolg van die Europese teedrinkstyl, deur 'n Swart familie, wat 'n nastrewing was Van die Blanke koloniale gewoonte van die seremonie. Hier is gelukkige familie-lede, wie se gelaatstrekke van wye lippe en breë neus-strukture hul identifiseer as Afrika-ras. Selfs die meubels toon nastrewing van die Victoriaanse Engelse styl, maar hier is dit gewysig om Afrika-paartjies te toon wat 'n lewenstyl geniet van ontspanning in 'n Eurosentriese trant. (3)
- 2.2 Die atmosfeer is ontspanne soos gesien aan die posisie van die man op die bank links, asook die breë glimlagte op die gesigte van die drie sittende figure, asook die plat sonskyngel van die muur en die sittende vrou se rok. Die oranje van die man se pak en die roosrooi van die rusbank, die wit van die Swartman se hemp en die blou van die vloer, dra by tot die koel atmosfeer. Die sentrale man se been is losweg gekruis oor die ander been en die vrou aan die regterkant se bene is ontspanne onder haar ingevou. Kleure is baie helder en dit dra by tot die vrolike, sorgelose atmosfeer. (3)
- 2.3 Die hoofsaaklike verdeling van vorms in hierdie komposisie, is links en regs uiteengesit, waar die paartjie links dien as raamwerk en die oog lei na die paartjie regs wat die sentrale middelste ruimte vul. Die twee rame van kunswerke teen die mure bo regs, lei die oog opwaarts en herinner ons aan die Afro-Euro styl wat binnenshuis weergegee word. Die werk gee sosiale gelukkigheid weer. Motswai maak seker dat die blompatroon gedruk op elke van die items van die teestel, na die kyker wys. Die feit dat die teepot en suikerpot die sentrale area beset, beklemtoon die Afrika-ideaal van mededeelsaamheid, wat glo sentraal staan in die bevordering van vrede, eenheid en harmonie tussen gemeenskappe. Die feit dat die teestel wit is, met patroonwerk van 'n rooi blom, sinspeel ook op die Europese gebruik van manlike tot vroulike blom-aanbieding, wat 'n gebaar van onderwerping, of liefde of vredeoffer is. Die twee kunswerke op die muur, is weerklank van die idee van parallelle saamwoning. Motswai het werke geteken/geskilder wat die gelukkige kant van Afrika-lewe toon. Die mollige lywe, die glimlagte, die sonbrille, die uitgepofde haarstyle, die "lazy-boy"-wiegstoel. Al hierdie beelde stuur 'n boodskap van finansiële gerief en sosiale gelukkigheid uit. (5)

- 2.4 **Die sosiale boodskap** van die Groot Dada-werk is 'n humoristiese en sardoniese kykie na hoe kolonialiste (soos na verwys deur die mynhoed deur Europese verkenners gebruik in die 1600's en 1700's), ondersteun en beskerm deur die regerings van Afrika-diktators, tot voordeel van beide. Die sambreel word oor die kop van die magtige Afrika-figuur gehou, wat waarskynlik Idi Amin is, die Ugandese diktator wat 'n uiters ekstreme figuur en leier was. Dit toon hoe beskut hy was. Die brullende tierkop, onder die voete van hierdie diktator, toon sy wrede geaardheid en sinspeel op die bloedbad waarvoor hy verantwoordelik was. Die opset is koloniaal, met vergilde prentframe en brons baadjieknoppe van die "dienskneg" agter die diktator. Die feit dat "Groot Dada" wit reënstewels dra en 'n wit voorskoot, dryf die spot met sy egtheid as 'n Swartman. (4)
- 2.5 Kandidate moet EEN werk kies wat 'n Afrika- voorkoms en betekenis het. Benoem die werk. Toon Afrika-eienskappe. Evalueer die sukses daarvan aan wêreldstandaarde. Verwys na kunselemente, kleurgebruik en styl. (5)

[20]

### VRAAG 3

#### KUNS EN POLITIEK: WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA EN DIE RES VAN DIE WÊRELD

- 3.1 Hierdie is 'n vergelyking. Kandidate moet verwys na vorms, kleure, patrone en uitleg. Die boodskap van FIGUUR 3a is 'n vergelyking tussen die radikale opstandeling, Marat, in die Franse Rewolusie se era en ons huidige rewolusionêre, Julius Malema. Clements het 'n vorige tydperk van rewolusie gekoppel aan ons eie huidige Suid Afrika en die boodskap is een van 'n doodsklok vir rewolusionêre opstandelinge. Die **vorms** is realisties, met Malema se liggaam wat oor die bad oorleun, soos Marat in sy skildery oor David gedoen het. Die kop hel oor na die een kant en beslaan slegs die onderste derde van die formaat, wat die inhoud in die kyker se sig werp, terwyl die swart agtergrond dien as 'n aaklige doodswaarskuwing, asook die vestiging van die aandag op die liggame in die voorgrond. **Kleure** as somber vleeskleure, groene en bruine, versterk verder die drama en erns van die toneel. Geen patroon is opsigtelik nie, wat dui op die realiteit van 'n eenvoudige en nie-vermaaklike wêreld van politiek. Die **verlengde formaat/uitleg**, van die Clements-werk, vestig die aandag baie nader op Malema as die David-werk. Die slap arm van Marat, wat die veerpen vashou met die sigbare inktpot, vestig ook 'n mens se aandag op sy betrokkenheid op intellektuele vlak as 'n rewolusionêre persoon, waar dit ontbreek in die werk deur Clements. Clements vervang die pen-beklemtoning met intrekking in die toneel, wat ons fokus verplaas na Malema se oopmondgesig, waarskynlik 'n verwysing na sy uitgesprokenheid, wat die bron is van sy toestand. Alternatiewelik is die gesigsuitdrukking, binne die verband van die atmosfeer gesien, moontlik te interpreteer as die aansprake van 'n sterwende man, wat op dowe ore val. **Aanvaar insigryke en gestaafde kommentaar, en verseker dat daar analitiese vergelyking is.** (10)

- 3.2 Kandidate moet redes verskaf en sê watter een die kragtigste is. (2)
- 3.3 Die kandidaat moet skryf oor sake buiten politiek, in die weerstandskuns. Siopis se werk mag as uitgangspunt gebruik word.  
Die werk deur Siopis het te doen met hoe vroue die laaste plek het in die lewensketting, en hoe die lewe vir hulle suur is, daar hulle moet wag vir beter dinge om te gebeur, terwyl mans oorlog maak.  
Die FIGUUR 3b Siopis-werk, het as sentrale vorm, die liggaam van "Geduld" wat sit op die Monument van Blanke mense se weggooigoed. Die piramide-struktuur wat ook aan die onderkant van die formaat geplaas is, dui die noodsaaklike belangrikheid aan van die Swartvroue van Afrika, as die geduldige aanvaarders van hul lot, wat wag vir beter dae, terwyl mans in oorlog gewikkel is, soos gesien in die geskilderde fotostate van Koloniale manne in uniform en Swart vegters met skilde, in die agtergrond. Hierdie vorms is saam 'n krewelende landskap wat spreek van die marteling van oorlog en hoe dit vroue raak.  
Kleure in hierdie werk is warm geel kleure met flitse van swart en vuil rooie en bruine, wat soos verskroeiende aarde lyk. Die enigste patroon in hierdie werk, is die herhaling van soldate se liggame, met die voorkoms van kruipende massas op die aarde. Die uitleg van hierdie werk het ook as fokuspunt "Geduld" wat sentraal geplaas is onderaan en daardeur haar allerbelangrikheid aan die kyker oordra.

Aanvaar logiese en relevante kommentaar met staving en aanvaar kommentaar oor ander werke wat sosiale nie-politieke boodskappe dra.

(8)  
[20]

#### VRAAG 4

#### VLYT EN TOEGEPASTE KUNS

- 4.1 Bespreek en vergelyk. Beide hierdie vlyt-items is funksioneel. FIGUUR 4a het geronde vorms van eierdop om die ritmiese patrone van die armbande te illustreer. Hierdie ringe vorm 'n sterk patroon, soos ook die lyn-patrone van die Port Jackson wilgerhout wat gebruik is om die leunstoel te maak. Die waaiervormigheid van hierdie stutte, maak 'n sonstraalpatroon wat beide dekoratief en funksioneel is as rugleuning, terwyl die diamantpatroon op die sitplek self bydra tot verskeidenheid van patroon.  
Kleure van beide FIGURE 4a en 4b is aardse terra cottas en bleek verweerde hout – dit is natuurlik en verskaf warmte en uitnodigende teenwoordigheid. (6)
- 4.2 Die materiale van FIGUUR 4c is opgeknipte plastiek inkopiesakke en die maak-metode is deur hekel- of breiwerk. Dit sou ry-vir-ry gedoen word en die seleksie van kleure van plastieksakke is belangrik, daar dit bydra of ontnem van die afgewerkte produk. Hierdie sakke is goedkoop om te vervaardig en is baie funksioneel, wat dit baie bemerkbaar maak. Dit sal spreek tot alle ouderdomsgroepe, mense wat van 'n ontspanne voorkoms hou en vroue wat baie ruimte nodig het om handsakgoed in te sit!  
Aanvaar goeie en sinvolle kommentaar. (5)



- 4.3 Kandidate moet TWEE voorbeelde kies van tradisionele vlyt deur 'n kunstenaar/kunstenaars wat in een van die genoemde media werk, nl. hout, plastiek of gevonde materiale. Die kunstenaar/s moet benoem word en daar moet gesê word wat sy/haar werk suksesvol maak. Kandidate moet verwys na vorms, patrone, materiale en funksionaliteit om hul uitsprake te staaf. (6)
- 4.4 Verbeeldingryke vlyt-voorbeelde van vreemdsoortige materiaal-samestellings soos bv. 'n karton melkhouer, 'n rooi deksel, een Coke blikkie, 'n ou bril met 'n rooi raam en 'n stuk draad – verbeel jou hoe jy 'n vlyt-objek daarvan sou kon maak om by 'n vlytmark te verkoop. (3)  
[20]

## VRAAG 5

### KUNS EN MAG – GEDENKGEBOUE, GEDENKTEKENS EN KUNSWERKE.

- 5.1 In FIGUUR 5a besing die kolossale koppe van Abraham Lincoln en ander Amerikaanse presidente die leierskap en grootsheid van hierdie manne. Die feit dat hulle so groot is, dui aan hoe die Amerikaanse publiek hul leiers op 'n voetstuk hou, ver groter as lewensgroot en buite bereik van die gewone mens. Hulle is in die werklike rotsberg ingebeitel, wat dui op hul tydloosheid en ingeworteldheid, wat hul sin van trots op hul geskiedenis toon. Die gesigte is realisties bewerk en tuur uit met wysheid, krag, filosofiese teenwoordigheid en deursettingsvermoë. Die werk is oop en bloot vir almal om te sien en op trots te wees en is dus 'n uitstekende monument en gedenkstuk. (4)
- 5.2 Kandidate moet kunselemente, beginsels en materiale vergelyk. Die uitleg van beide hierdie werke, is wat 'n mens eerste tref. Die koppe en die figure word in 'n horisontale kronkelende struktuur vertoon en dit trek die kyker aan in die reis van sien en ondervind. Vorms in beide is vol, solied en sterk, met die Amerikaanse presidente meer realisties gedoen as die standbeelde op Nobel-plein. Die realisme van Figuur 5a, is hoogs indrukwekkend, terwyl die meer as lewensgrootte realistiese verhoudinge van die koppe in FIGUUR 5b, 'n knippie humor ontlok en dit betrek die skare makliker. FIGUUR 5a, wat gemaak is van die rots van die berg, is dus meer gewortel in die aarde as FIGUUR 5b, wat uit sement gemaak is. Die herhaling van 'n veralgemeende voorkoms in elk, skerp gelaatstrekke in die boonste werk, meer vaatjievormig en mollige verhoudinge in die onderste werk, verskaf 'n verband aan die oorkoepelende stukke. Beide het 'n erns en beide groepe figure tuur uit in die toekoms/verte/drome in en dit maak beide tydloos en toepaslik vir alle tye. (8)
- 5.3 Kandidate moet werk kies van EEN ander kunstenaar wat nie in die vraestel voorkom nie, wat gedenkbeelde gemaak het ter ere van iemand of iets. Hul moet een of meer werke deur die kunstenaar beskryf EN bespreek. Gee aandag aan materiale, vorms en tegniese besonderhede, boodskap en enige ander noemenswaardige besonderhede. (8)  
[20]

## VRAAG 6

### ROL VAN FORMELE- EN INFORMELE SENTRUMS IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE APARTHEID EN POST-APARTHEID.

- 6.1 Hierdie werke is van Pollystraat informele skool:
- a)** omdat dit handel oor woonbuurtlewe in die alledaagse karakter ten opsigte van onderwerp-materiaal, en
- b)** omdat dit 'n ontspanne naturalisme toon, wat, indien dit 'n invloed van Eurosentriese skilderstyl toon, soos van die Britse Skool, by Pollystraatsentrum onderrig was.
- FIGUUR 6a toon vroue en mans wat gesprek voer in twee klein groepe onder 'n groot boom en die agtergrondwinkels is tipies van spaza-winkels in "townships". Die bome is in kollerige waterverftegniek gedoen, wat ook dui op die onderrig van blanke instruktors. (4)
- 6.2 Kandidate moet FIGURE 6b en 6c vergelyk: Die komposisie van Figuur 6a het drie duidelike horisontale bande van figure, wat almal die vertikale ruimte van die selle vul, en die figure vertel die verhaal van Jesus na die Dood. Hierdie struktuur is tipies van Middeleeuse illustrasies, wat in afdelings gedoen was. Die komposisie van die tweede werk toon ook geen diepte nie, maar hier is die vorms van die man op die stoel, die televisie, radio ens. rond en bont geplaas in 'n soort sirkelvormige formaat, wat die werk minder stabiel maak. Beide komposisies het geen perspektief nie, en in albei word skeidslyne gebruik om ruimte in die agtergrond te vul.
- Die liniêre kwaliteite van beide is primitief en maak gebruik van horisontale of vertikale plasings, wat die werke stabiel en staties maak. Die eenvoudige menslike vorms deur omlyning geskep, maak beide werke kinderlik, met sterk verhalende klem.
- Afbeelding in FIGUUR 6b toon Middeleeuse tipe ikone, almal swaar gestileerd, en dit maak die werk duidelik meer oudmodies, teenoor die Modêrne Tye van FIGUUR 6c wat 'n man toon wat TV kyk, met 'n persoon by 'n rekenaar en 'n radio, alles beduidend van die Swartmense se kennismaking met toerusting van die moderne wêreld. (6)
- 6.3 Kandidate moet TWEE werke kies van 'n formele of informele skool en dit bespreek. ANDER WERKE AS DIE OP DIE VRAESTEL MOET GEKIES WORD.
- Skenk aandag aan kunselemente, komposisionele rangskikkings wat moderniteit toon al dan nie, en hoe boodskappe van die afbeelding geïnterpreteer kan word. (10)

[20]

## VRAAG 7

## MULTI-MEDIA – ALTERNATIEWE KOMTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS.

- 7.1 Die simboliek van Duchamp se *Bruid Kaalgestroop deur haar Oujongkêrels Selfs*, is tweevoudig. In die boonste helfte is die vrou voorgestel, geïsoleerd deur haar eie keuse, van die mans in die onderste helfte. Die vrou het 'n gevangenis-venster agter haar, wat aandui hoe sy haarself van mans weerhou het. Die mans is voorgestel deur die figure in pakke klere, wat aan die linkerkant 'n sirkel vorm en die kringloop aan die regterkant wys hoe die man vir altyd draai en draai in sy poging om die vrou te kry. (3)
- 7.2 Die media van FIGUUR 7a bestaan uit 'n staalraam – hard/sterk (man), en glas – breekbaar (vroulik). Hierdie twee media veral vertel die verhaal van die manlike en vroulike aspekte goed. Die stukkies gevonde materiaal binne die twee glas-panele bestaan uit muurpapier, laaghout, ens. en is tiperend van Dada se oënskynlike ongeërgde gebruik van gevonde objekte. In FIGUUR 7b is 'n regte vrou, met egte vere, krale-halsnoere, pyp en wandelstok, wat staan voor egte aalwyne. Dit dui op die verhaal van die vrou, Bessie, wat skipbreuk gely het langs die Transkei se kus en grootgemaak is as 'n koninklike lewensmaat vir een van die stamhoofde van Pondoland in die 18de eeu. Hierdie geskiedkundige werk is kragtig oor die realiteit wat dit verteenwoordig.. (4)
- 7.3 Hierdie is 'n vergelyking en moet sin-vir-sin vergelykings aangee, veral die ooreenkomste. Die sosiale/geskiedkundige konteks van Williamson se *Uit die As* verwys na die transformasie van ons land na kolonialisme en die heling wat kan plaasvind as die waarheid op 'n gesonde wyse openbaar word. Haar werk is gemaak van staal, organza, as, pleister, papier, veselglas, glas, beligting en 'n oudioband. Dit is gebou in 'n lang skag in die Fortaleza Cabana. Hierdie beddings as lyk asof dit brand en flikker. Tussen die as in was velle gebreekte "Lucite" waarin afbeeldings van mensgesigte neergelê is. Wanneer 'n mens die einde van hierdie laan bereik, sien die kyker vyf strukture, 'n tipe stad wat van die plafon af hang. Van organza gemaakte deursigtige materiaalrokke vorm die strukture wat dryf en swaai. Embleme van die verlede, gesigte en fragmente is aan die kante van die strukture vasgewerk. Die kyker tree oor 'n infrarooi straal en 'n stem word geaktiveer, wat "Tshwele" sing, 'n lied van versoening. Van hierdie werk leer ons van die vergrype van die verlede, maar dit gee ook hoop, danksy die sagte tasbaarheid en sinstrelende kwaliteit van die werk. In Togo se werk is die sosiale- en historiese verband die vaart van die Britse/ Hollandse/Franse e.a. kolonialiste op pad na die kuste van Suid-Afrika. Hier is die bottels van die oseaan 'n herinnering van die boodskappe van slawedrywers se slawe, wat as pleidooi na die buitewêreld gestuur is vir vryheid. Die houtboot, gelaai met baie sakke, spreek van die bagasie, beide letterlik en figuurlik, wat die setlaars met hul saamgebring het. Die stormlampe verlig die weg, nie net letterlik nie, maar ook figuurlik, as die lig van kennis in verband met kolonialisme.

Die media van as, papier, glas, staal, sagte organza spreek van die mooie van swaarkry van die koloniale reis en diegene wat daaronder gely het. In die **Pad vir Ballingskap**, gebruik Toguou regte drasakke wat goed skakel met Suid- Afrikaanse pendelaars. Die hout en glasbottels is aanduidend van die harde werklikheid van die pad na ballingskap. Die kolonialiste was selfgemaakte ballinge van hul eie lande van oorsprong. Die struktuur van die eerste werk vorm die lang laan tot by die boog aan die einde, soos 'n tunnel van swaarkry, waar daar lig aan die einde is. Dit simboliseer hoop. Die struktuur van die tweede werk fokus op die oorlaaide skip, die omringende see en hoe inperkend dit voorkom.

(6)

- 7.4 Die kandidaat moet EEN werk deur enig **kontemporêre** kunstenaar, wat multimedia gebruik, analiseer en evalueer.

(7)

[20]

## VRAAG 8

### KUNS EN DIE SPIRITUELE RYK – KWESSIES IN KUNS RAKENDE GELOOFSTELSELS EN DIE HEILIGE

- 8.1 Kandidate moet reageer op beide werke van FIGURE 8a en 8b en dit duidelik definieer. **Afbeeldings** moet vermeld word. Dit sluit die kwesbare naakfiguur in; die blou perd en ruiter wat moontlike ontsnapping van die aardse vlak verteenwoordig; 'n leeu wat met 'n spies getref is en moontlik die neerlê van versoekings of aardse aptyte weergee. Die terracotta-stuk in kleur lyk afgebaken en kan die aardse ryk voorstel, waarvandaan alle mense probeer uitstyg. In die tweede beeld is daar 'n dubbelfiguur – dier/mens, met vlerke. Chimera beteken visioen, iets buite die konkrete wêreld en die beeld kan verwys na die gedagtestryd na 'n spirituele ryk.

Aanvaar logiese- en gestaafde stellings.

(5)

- 8.2 'n Analise van Bill Viola se **Suiwering** sal begin met komposisie. Hier toon die twee helftes die fases van sy kop wat in 'n skottel met vloeistof gedoop word en dan die opstanding uit die selfopgelegde "doop", wat duidelik spreek oor die suiwerende aard van bad of doop met water. Die twee halwes verwys ook na die fisiese en die spirituele. Die bolyf vorm slegs deel van die werk, wat die besef bring dat die kop wat die siel/ gedagtes van die persoon huisves, die belangrike ding is. Die klem is op die kop, hande en kwesbaarheid van naaktheid. Suiwering begin by die mens se gedagtes, dan die liggaam, hier gelei deur die hande. Die sirkelvormige kleibak is nederig en basies, wat koppel met die oorgee van sondes by suiwering. Die hoek van fotografie na die twee skerms is hoog, wat die liggaam plaas op 'n laer vlak, en dit dra by tot die nederige natuur van die liggaam, wat suiwering soek.

(6)

- 8.3 Tracy Rose het die tradisionele vroulike Eva as 'n manlike figuur voorgestel. Dit word aangedui deur die spelling van "Yves", wat 'n mansnaam is. Sy het die woudagtige Eden-prent behou, maar regs 'n Oosterse Boeddha ingesluit en ook 'n graffiti-tipe frase wat herinner aan Arabiese font. Die feit dat die figure nie-blank is, breek ook die vooropgestelde idees van hierdie stokou verhaal. Die kyker word gedring om die nuwe relevansie van 'n anderse Eden, met ander vennootskappe, ander geloofstelsels te sien, in dieselfde mooie woud wat die regte aarde voorstel. (4)
- 8.4 Kandidate moet enige ander spirituele kies en die werk en die kunstenaar benoem en dit slegs beskryf. Dit is 'n lae-orde vraag. (5)
- [20]

### VRAAG 9

- 9.1 Lisa Brice se Sekskat, **Genitalieë gaan voort maak my dag**, wys 'n wulpse vrou op haar knieë, met haar hande op die vloer tussen haar knieë. Deur die afbeelding word die vrou duidelik as seks-objek getoon, wat haar geld verdien deur middel van haar liggaam en in die proses die siekte opdoen. Haar hoëhakskoen, strategies geplaas in haar geslagsarea, toon blatant die misbruik wat in die prostitusiehandel plaasvind. Die geel en groen sirkels verteenwoordig die herpes-siekte. Die rooi-geel en groen kleure is almal ryk, warm en vibrerende. Die spreek van warm seksualiteit, siekte en van hoe dit groei. Die uitleg van die vrou so uitdagend geplaas met haar bene oop, beklemtoon die stelling oor meisies wat lui dat hulle fratse word vir seks en geld. (6)
- 9.2 'n Antwoord van een tot een en 'n halwe bladsy. Die kandidaat moet verwys na sosiale boodskap, deur die bespreking van kunselemente en beginsels. Dan moet kandidate evalueer.

**Sosiale boodskap** van die Cruise-werk is hoe mans vreesaanjaend kan wees in hul fisieke krag en hoe hul dit gebruik om ander af te knou, nie slegs vroue nie. Die feit dat hulle geen arms het nie en dat hul bene vasgebind is, wys hoe hulle met hul kragtige en gedagtelose optredes, hulself met skuld bind.

**Sosiale boodskap** van die Makhoba-werk is oor hoe vroue die oorhand kry oor mans, selfs in die geskiedkundige manlike arena van die bokskryt.

**Evalueer:**

Die brute bonkigheid van die mans in *Drie Skakerings van Bullebak Seuns*, is die dominante faktor wat vrees by vroue inboesem. Die abstraksie van die gesigte en die afwesigheid van besonderhede, verhoog die bedreiging van hierdie figure, en die ruwe afwerking van die beelde is 'n derde faktor wat vrees inspireer. Die pla-sing van hierdie figure op die kruin van 'n heuwel, laat dit voorkom asof hulle na 'n mens nader stap, en die kyker voel oorweldig as gevolg van die buitengewone vertrekpunt. Geplaas voor wit wolke in 'n ligblou hemelruim, word hierdie groot, donker armlose figure regte skadu's wat 'n spesifieke tipe manlike brutaliteit verbeeld. Tog, hoewel hulle as 'n wapen uitgebeeld word, maak die feit van hul armloosheid en beskermde genitalieë, asook hul bene wat deur hul afgetrekte broeke /klere immobiel gemaak is, hul dus kragteloos. Eindelik is hulle slegs skaduwees en nie eg nie.

In die Makhoba-werk, *'n Harde slag in Beijing*, is die helder kleur die onmiddellike krag wat die boodskap se deurslag gee deur die vroue. Die vorms is groot en vereenvoudig, met 'n humoristiese strokiesprentstyl van stilering wat toon dat die kunstenaar geamuseerd is oor die wending van sosiale gebeure.

Aanvaar verwysing na enige van die elemente oor beide werke, met insigryke kommentaar oor die oorhoofse waarde van die werk, in die groter konteks van geslagskwessies.

- 9.3 Kandidate moet EEN ander werk kies, die titel en die naam van die kunstenaar verskaf, asook die werk se boodskap definieer met kommentaar oor hoe die kunstenaar geslaag het met die voorgenome boodskap.

(5)  
[20]

**VRAAG 10****KONTEMPORÊRE ARGITEKTUUR**

- 10.1 Argitekthe ontwerp hierdie tipe "naby-aan-die-natuur" geboue omdat die mensdom nodig het om beter met ons natuurlike wêreld te kommunikeer. Hierdie geboue is volledig gewortel in die natuur en toon respek daarvoor, asook 'n onderbewuste behoefte om in verband te staan met hierdie natuur. Dit mag vergelyk word met die mislukking van die Modernistiese Internasionale styl wat ontbloot was van enige natuurlikheid en wat gefaal het, omdat die mensdom interaksie nodig het met sy fisiese natuurlike omgewing. Aanvaar sinvolle en insigryke kommentaar in verband met hierdie twee argitektoniese stukke.

(2)

- 10.2 **Twee redes word vereis vir die uitsonderlikheid van hierdie kompleks.** Peter Rich se Mapungubwe-Kompleks is uitsonderlik omdat dit die rotsstrukture van die omringende omgewing baie goed naboots. Die geronde bolagtige vorms is grotagtig sowel as rotsagtig en dit verskaf aan die sentrum sy individualistiese kwaliteit. Die feit dat die dakke se oppervlak met rots van die eie omgewing oordek is, maak die kompleks aards en natuurlik. Dit is 'n kompleks wat vir konferensies voorsiening maak. Dit het restaurante en 'n erfenis-museum, kamers, buitemuurse fasiliteite, alles binne die baie natuurlike bosveld.

(4)

### 10.3 3 'n Analitiese opstel van een bladsy word vereis.

Die argitektuurstyl is dekonstruktief in die gebou deur Himmelbau, soos gesien in FIGUUR 10a, want dit toon ongevestigde stutte, hoeke wat slinger in nie-tradisionele rigtings. Dit kom voor asof dit wil kantel en dit kom voor asof daar nie logiese ruimtes is waarin rolprente gekyk word nie. Die tweede gebou deur Killa, toon Hi-Tech en Postmodernistiese styl. Dit kan gesien word in die gebruik van buitengewone metafoor vir 'n gebou, siende dat dit die nabootsing is van 'n seilskip met twee seile.

Een faset van die Himmelbau-gebou, is die reuse reklamebord wat apart dryf van die hoofstruktuur. Dit hang in ruimte gekoppel slegs deur staalstawe, en vorm 'n skede wat lyk soos 'n vel verwyderd van die hoofliggaam. 'n Tweede kenmerk wat noemenswaardig is, is die middel en linkerkant, wat die filmteater huisves. Dit hang teen 'n hoek, wat die gebou futuristies en "spitsvondig" maak. Dit is baie stedelik "hip". Een faset van die Killa gebou, wat dit opwindend maak, is die drie opritte oor elk van die twee dele van hierdie seilboot-Handelsentrum. Dit koppel elke sy, maar terselfdertyd is dit 'n uitdaging van opwinding om hieroor te beweeg.

'n Tweede kenmerk van die Bahrain Wêreld-Handelsentrum, is die gepunte seilvorme, beklemtoon deur die horisontale strepe van elke vloer. Hierdie hoeke, afdelings en fasette van die Fassades, maak die kompleks skerp en opwindend. Dit is ook 'n futuristiese gebou wat die rykdom van die olieryke wêreld vertoon.

Eksterne materiaal sluit in metale, ruwe panele van brutalistiese sement, staal, streepglas – alles wat stedelike gesofistikeerdheid weerspieël. (7)

### 10.4 Kandidate moet skryf oor EEN gebou wat hul bestudeer het en die elemente van die argitektuur evalueer in die lig van kontemporêre wêreldstyle. Hierdie style sou insluit Hi-Tech, Post Postmodernisme, Dekonstruktivisme.

Kandidate moet kennis oor stylkenmerke openbaar soos staal- of aluminium ruitstelsels, uitgedopte filosofie, grappige besonderhede wat die wegbreek van tradisionele vertikale en horisontale toon, versierings van 'n buitengewone aard, soos dekoratiewe plate van staalgietings oorgelê op Fassades.

Aanvaar alle logiese kommentaar met staving. (7)

[20]

### 5 VRAE VAN 20 PUNTE ELK

**TOTAAL: 100**